

20 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 16

As U, o Heer in mag verskyn!

Die eerste ses bakke vol van die toorn van God wat op die aarde uitgegooi word, bring onbeskryflike rampe en ellende oor die natuur en ook oor die mense – so erg dat ons lees dat mense hulle tonge van pyn stukkend kou. Ons sou verwag dat al die onheilspellende oordele van God mense tot bekering sal bring, maar die refrein klink telkens weer dat die mense hulle nie bekeer het nie. Hoe hard kan menseharte wees? Met die sesde bak vol toorn word ons digby die wederkoms van Christus gebring.

Die bose geeste gaan uit en hits die nasies aan om in oorlog teen God en sy kerk op te trek. Ons vind hier 'n vooruitgrype na Op 20:7 waar die loslating van Satan uitgespel word. Dit word 'n tyd van geweldige vervolging. Die konings van die aarde kom bymekaar by Armageddon. Dit verwys na die berg van Megiddo waar Israel volgens Rig 5:19.20 teen die Kanaäniete geveg het.

Christus kom so onverwags soos 'n dief in die nag en Hy verpletter die vyande finaal.

Armageddon – daarna moet ons uitsien, al is dit so dat die vyande van God hulle vandag so sterk hou. Die engel se triomfroep kom na jou toe: Dit is verby! Al die smart en droefheid en lyding kom tot 'n einde! Hy het reeds aan die kruis geroep: Dit is volbring!

God is groot in sy oordele en in sy genade!

Sing: Psalm 68:1

Dr B Duvenage (Emeritus)